SAWA GEBIED GOEIE HOOP

SAWA ALBATROS

HELDERBERG

Noord-Boland

Suidwes-Kaap

# SAWA - GEBIED GOEIE HOOP

# GEBIEDSKAMP

## 3 tot 5 Maart 2023

## Bergrivier









Johan Oosthuizen, Gebiedvoorsitter van Gebied Goeie Hoop,  heet almal welkom. Die verloop van die naweek word ook deur gegee.







Ina Calitz het Vrydagaand se boekevat waar geneem. Dis was werklik treffend gewees.









Voositters Louis Havenga (streek Suidwes-Kaap) asook Ben van Niekerk (streek Helderberg) en Ondervoorsitter Johan Zaayman (streek Noord Boland) het vir ons kom vertel wat hul streke gaan aanbied om fondse vir die Nasionale kas in te samel. Streek Albatros gaan 'n skenking maak tot die kas.

Ons teken in en ontvang 'n naweek kampplaatjie, ontbyt en potjiekos kaartjies.





Laat die vure brand en so met die tyd word die lug gevul met geure van braai-vleis.
















Suidwes-Kaap het ‘n ontbyt reg vir die wat gekoop het. Daar is koffie ook.









Saterdagoggend is nog ‘n mooi dag.
Later die dag begin dit toetrek.





# Helderberg se langtafel  - hier was iets van als.





10h00 gaan kuier ons in die bloutent waar Helderberg iets van als op 'n lang tefel uit gepak het. Daar is ook 'n lootjielys wat goed onder-steun word. Die beste is jy weet nie wat is die prys nie.






Kyk net die mooi plantjies wat te koop was. Hierdie is Andre en Vinkie Swanepoel se handewerk.









Daar word speletjies gespeel.





Hier word hangbal gespeel deur Gerrit en Ilona bruwer, Elsabe en Louis Havenga.






Noor-Boland gaan vir ons 'n kerriemaalvleis pot maak. Alma en haar span skil groente

Hannes Schlechter roer solank die pot maar hy is nog dolleeg.

Later is die besigheid mooi aan die prut en dit vang jou neus. Ons gaan lekker eet.










So moet hy lyk!

Die drie laat my dink aan Trompie en sy bende….. Die jare het aangestap….



Daar word tot mooi gekyk na die mense wat nie die swartpot mag aanpak nie.







Lootjiewenner - Edward Leach



Arno Human saam met sy dogters. Hulle het die naweek lekker gespeel en gou deel geraak van die kamp.







Die aand doen Herman Gerber vir ons 'n tafelgebed.

Toe kom die horing en bottel te voorskyn. Voorsitter Marius van der Mescht van Noord-Boland is aan die woord. Dit werk so:  daar word gebie op 'n persoon om die voggies uit die horing te kom drink. Die persoon met die hoogste bod moet kom proe.







So is dit toe Ohna Oosthuizen wat moet kom sluk.







Kerrie en rys, dan is daar klapper en blatjang vir so ekstra smaak.








Dit was nou baie lekker gewees!







Saterdagnag het dit goed gereën; daar was selfs donderweer ook. Kyk hoe het die reënwater opgedam in Riaan en Petro Steyn se gazebo.



Die pot is skoon en die kamp het stil geword.













Sondagoggend reën dit saggies. Bergrivier oord het vir ons die saal beskikbaar gestel. Pastoor Andre Heyns het vir ons die diens waargeneem. Dankie vir die gepaste boodskap Andre.

Kampleiers vir die naweek was; Marius van der Mescht, Ben van Niekerk en Pieter Henning.

Johan Oosthuizen bedank almal en nooi weereens al die streke uit om saam te kamp met die AJV kamp later die jaar. Kom ons ondersteun dit.
Baie dankie vir elkeen se deelname om die naweek 'n sukses te maak!

Foto's: Petrus Theron
Geskryf en saam gestel deur Petrus Theron
Groete tot 'n volgende keer.
Baie dankie Petro Steyn